

Maandag 20 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 16:13-23
(1983-vertaling)**

Fokusgedeelte: Matteus 16:18

Die poorte van die hel sal nie die kerk oorweldig nie!

Jesus se bediening bring toenemende konfrontasie. Nie net van sy aanvallers nie, maar ook van die dissipels. Hulle is in Sesarea-Filippi, waar baie afgode gedien is. Jesus se naderende dood en sy posisie bring talle vrae. Hy vra die dissipels wie Hy is en kry uiteenlopende antwoorde. Sy vraag is belangrik vir die verloop van die kerk se geskiedenis.

Dit het nou tyd geword dat Jesus seker maak dat almal beleef hoe God in beheer is van sy kerk se geskiedenis. Hy is die Christus – die Een wat verlossing bring. Teenoor Hom is Satan wat ons Here se kerk wil vernietig. Te midde van hierdie stryd verseker Hy ons dat die magte van die hel die kerk nie sal oorweldig nie. Tog bly dit moeilik om hierdie trooswoorde te verstaan.

Dit is die eerste keer dat die woord “kerk” in die Nuwe Testament gebruik word vir gelowiges. Die beeld van ’n rots is reeds uit Psalm 18:2 bekend en dui op die fondament Christus, waarop die kerk gebou word. ’n Rots het die betekenis van skuilplek en veilige vesting. *Hierby volg die verdere vertroosting dat die magte van die doderyk die kerk nie sal oorweldig nie.* In vers 18 word na Hades verwys as die eindbestemming van hulle wat nie in Christus glo nie, soos dit in Openbaring 20:11-15 beskryf word.

Hierna beskryf Jesus hoe geweldig groot die stryd tussen lig en donker sal wees as Hy selfs vir Petrus vermaan. Die beeld van die sleutels, as simbool van gesag en om mee te beheer, maak dit duidelik dat ons eindbestemming ’n saak van lewe en dood is.

Vir 160 jaar ervaar die GKSA al wat dit beteken dat die magte van die doderyk nie die kerk sal oorweldig nie. Vandaar ons leuse. Leef dankbaar. Leef met oorgawe!

Sing: Psalm 18-1:1

Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)